WELKOM YIZANI

12 November 2009

Geagte Welkom Yizani-aandeelhouer

In 2006 was u een van 107 000 Welkom Yizani-aandeelhouers wat 'n belang van 15% in Media24 gekoop het.

Die waarde van u aandele was R50 per aandeel. U is net gevra om R10 vir elke aandeel te betaal. Die oorblywende R40 per aandeel is gefinansier deur Naspers Beperk, die maatskappy wat Media24 besit.

Die plan was dat die finansiering van u oorblywende R40 per aandeel aan Naspers terugbetaal sou word uit die dividende wat verdien word soos wat Media24 groei.

Teen hierdie tyd weet ons almal egter van die wêreldwye ekonomiese resessie. Ons land is ook swaar getref. Honderdduisende poste het in die slag gebly en baie maatskappye het toegemaak of werk korter tyd.

Media24 het nie ongeskonde daarvan afgekom nie. Minder kliënte was in staat om advertensieruimte in ons koerante en tydskrifte te koop, omdat hulle met hul eie geldprobleme worstel.

Media24 kon egter sekere dividende aan sy aandeelhouers betaal. Hierdie dividende was nie genoeg om die skuld te betaal nie. Die skuld is dus nie soveel verminder soos wat gehoop is nie.

Dit beteken u belegging van R10 per aandeel het nie gegroei nie en sal waarskynlik ook nie gedurende die volgende twee jaar groei nie. Wêreldekonomieë, en ook ons eie ekonomie, het nog tyd nodig om te herstel.

Ons moet egter vinnig optree. As u vennoot wil Naspers u graag help:

- Ons het 'n span adviseurs aangestel om met 'n plan vorendag te kom.
- En hulle het. In die bygaande omsendbrief is 'n voorstel en 'n kennisgewing van 'n aandeelhouersvergadering, wat op Dinsdag 15 Desember om 2009 om 10:00 in Balsaal-Oos, Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum, Konvensieplein, Laer Langstraat 1, Kaapstad gehou sal word.
- Die plan is dat Naspers ongeveer R119 miljoen van sy opgehoopte dividende sal verbeur en sy befondsing in Welkom Yizani sal verminder. Naspers sal ook die bedrag van sy voorkeurkapitaal met R211 miljoen verminder, en die koers waarteen sy dividend bereken word, verlaag.
- U en alle ander Welkom Yizani-aandeelhouers word genooi om by die vergadering van 15 Desember 2009 oor die voorstel te stem. **Die registrasietoonbank vir registrasie om die vergadering by te woon en daarop te stem sal van 08:00 tot 09:45 op 15 Desember 2009 oop wees.**
- Indien die voorstel deur Welkom Yizani-aandeelhouers aanvaar word, sal dit geimplementeer word.

Let asseblief daarop dat meer tyd nodig is voordat ekonomiese herstel intree, en daarom:

- sal u gevra word om u aandele nog twee jaar te hou – tot Desember 2013 – voordat u die aandele kan verkoop;
- deur hierdie weg te volg, hoop ons u sal dan beter in staat wees om u aandele teen 'n wins te verkoop indien u beoog om te verkoop.

Dit is vir ons belangrik dat die Welkom Yizani-skema slaag, omdat Naspers Welkom Yizani-aandeelhouers as vennote beskou.

Ons sal hard werk om u belegging winsgewend te maak!

Alles van die beste,

**Jakes Gerwel**

*Voorsitter: Welkom Yizani*